



KAMMANUUS

Nommer 373

21 April 2014

'n Publikasie van Ons.dorp.com

TOULEIER



Hare sny in Doha is 'n hele belewenis

So op die vooraand van ons kuiertjie in Duskantland, sit ek dink terugdink aan my skooldae. Die week se nuusbrief gaan buitendien sommer so ongevraagd opdaag by 'n paar van my matriekmaats se posbusse. En by die matrieks van die jaar voor dit, en die jaar daarna. Sien, ons hou 'n trippel reünie. Vat hom sommer so oor drie jaar. Dit kan mos net 'n fees wees. Of hoe dan?

Mens se gedagtes loop maar snaakse draaie as jy so ver in die verlede gaan draai. Ek dink byvoorbeeld vandag aan die haarkapper daar in die Groote Kerkgebou. Daar waar die omie darem so effe meer hare gebs het as die 'short back and sides' wat daai dae standaard was. En dan om later nog korter gesny te word wanneer jy ná matriek weermag toe gaan.

Ek het nou also 'n paar keer gesels oor die outydse styl van haarkappers hier in Doha. Daardie statige rooi leertrou waarin mens gaan stelling inneem en bederf word met koninklike behandeling. 'n Ander maat van my hier verkies Turkse haarkappers en ry myle om by een van hulle te gaan sny. Noudat ons verhuis het na die Hikkel Wikkel-torings aan die ander kant van Doha, ry ek self ook nou regoor die stad net om weer by my eie stukkie bederf uit te kom.

My haarkapper sien my al van ver af aankom. Hy spring vriendelik op en wuif vir my as ek stop voor so twaalfstuks waenhuysgrootte haarkapperwinkels, ingeryg neffens mekaar met die voorkante van glas en binne helder verlig.

In elkeen staan die outydse haarkapperstoel in rye van drie of vier voor gespieëde toonbanke waarop die knippers en skêre onder ultraviolet ligte in sulke blou glaskassies kamtig ontsmet word. Die snyers van formaat, 'n mengsel van oud en jonk, met blinkswart (dalk net gebrylcreemde) hare, sit lê teen die oorkantste mure en kyk verveeld na een of ander Bollywood-sepie en wag vir die volgende langhaarskoenlapper om in hulle web in te vlieg.

Terwyl die gewillige slagoffer na sy stoel gelei word, word daar gevra of jy koeldrank, water of tee sal geniet. Behendig word die man se wit jasbaadjie dan oor sy skouers getrek met so 'n matadorbeweging en word die mondering voltooi as hy 'n blou papier teatermasker se rekkies agter sy ore vashaak.

Die "pasiënt" word kans gegee om sy gemaklikste posisie in te neem en sodra jou voete hul rusplek kry op die stoel se trappie, vou hy 'n repie wit kreukel-papier om jou nek en gooi hy die dekdoek rondom jou en maak hom bo-oor die papier nekband vas.

Die stukkie van die papierstrokie wat uitsteek word dan netjies oorgevou en daar sit jy onder jou tent. Volgende word die skerppuntskêr en kam uit die glaskassie gehaal. "Little short" vra hy en as ek knik, dan begin hy ritmies met die skêrso in die lug knip. Dan kom die kam nader en terwyl hy die hare so gerfie vir gerfie oplig, dartel die skêr in vir 'n vinnige knip en dan weer twee snippe vars lug. Snip, snip, knip. Snip, snip, knip.

Die rustige ritme maak jou gou lui en lomerig en dit kos erg konsentreer om nie vis te vang nie. Mens begin droom van dinge en mense daar ver. Glad te gou is die ondervinding verby en word jy na die werklike wêreld teruggebring as die handspieël agter jou gehou word met die vraag of als na wense verloop het. Dan volg daar 'n kop en nek en gesig massering wat skrik vir niks. Tot jou skouers word gevryf.

Dis seker omdat ek dit altyd so geniet dat ek elke keer dubbel betaal. Tog bly dit steeds 'n bargain.

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

Waar is haar ooghare dan?



Dis dalk te klein om hier te sien, maar die beroemde Mona Lisa het nie ooghare of wimpers nie. O, ja, sy hét gehad, maar Da Vinci het dit in vernis geskilder. Mense wat die skildery later skoon-gemaak en weer vernis het, het sulke detail verwyder.

Haar regte naam was Monna Lisa Gherardini en sy het talle rampe oorleef, soos 'n brand in 1661 in die Louvre, die Frans-Pruisiese oorlog en diefstal.

In 1956 het 'n jong Boliviaan met geestesgebreke haar met 'n klip gegooi.

Die beroemde kunswerk is eintlik maar piepklein.

OP DEES AARDE (1)

Die eerste in die reeks oor vreemde blyplekke en blystyle. Nou wonder mens waarvoor gebruik hulle die motor wat voor die huisie staan?



SY: "Hoekom kom jy so laat by die huis, en dan nog halfdrunk ook?"

HY: "Jammer, skat, my geld het opgeraak."

AFRIKAANS IS NUTTIG!



Die herkoms van ons gesegdes (27)

Netelig: 'n Netelige saak ('n moeilike, gevaarlike, pynlike saak, kwessie, probleem)

Die netel is 'n verkorting van brandnetel, 'n plant met hare wat by aanraking daarvan 'n pynlike brand veroorsaak; figuurlik oorgedra op 'n kwessie, probleem, ensovoorts.

Neusie: Dis neusie verby (gesê as 'n mens iets nie meer kan kry nie) Eintlik: dit is by my neus verby, sodat ek net die reuk nog daarvan kry.

Neut: Nie iets om dowe neutte doen nie (met 'n spesiale doel iets doen): 'n Dove noot in Nederlands is 'n leë neut, dus sonder inhoud. 'n Mens doen dus nie iets vir 'n waardelose voorwerp nie.

Nippertjie: Op die laaste nippertjie (op die laaste oomblik, dit het amper gebeur)

Nippertjie is afgelei van Nederlands nippen "om te knyp". As die nood "knyp", dan doen 'n mens iets, al is dit op die laaste oomblik.

Noppies: In jou noppies wees/voel (baie gelukkig en tevrede voel)

'n Verouderde wisselvorm van in jou knoppies wees. Eintlik is jy in jou klere waar knoppies of noppies of pluusies op sit, dit wil sê in mooi klere, feesgewaad. In Nederlands beteken noppies 'n pluus op wolstof, veral op nuwe klere.

Noustrap: Noustrap trek (swaar kry; baie hard werk)

Uit die tyd van die ossewatrekke: die strop is te nou om die os se nek sodat hy nie genoeg lug inkry nie.

Anderkantlander in Duskantland

'n Nederlander se indrukke oor Suid-Afrika

Deur **WILLEM KUIPER (Assen, Nederland)**

Ons het 'n besonder band, Nederlanders en Suid-Afrikaners, en veral Afrikaanssprekendes. Saam 'n verlede, saam 'n taal, maar nouliks saam 'n toekoms. En die taal begin ook uit mekaar te groei. Maar verbinding het ons nog steeds.

Ek het kontak gekry met 'n groep Afrikaanssprekendes op facebook. Wonderlik en wonderbaarlik. So ver in kilometers, maar so naby as ons met mekaar gesels.

Dit het nie lank geduur dat ek het besluit om hierdie besondere land te besoek nie. Ek het 'n mooi ooreenkoms met een van die vriende gehad: sy het 'n motor en ek betaal die petrol. En ons kon die reis maak.

Ek het gewonder of ek kon praat in Nederlands en hul in Afrikaans, en ons mekaar sal verstaan, en ja, dit was moontlik. Selfs met swart mense kon ek op dié manier gesels.

Die taal is vir my baie besonders. Ek het deur met julle te praat, in werklikheid en op Facebook, baie meer geleer oor my eie taal. En nog steeds, elke dag. Ek het gewonder oor die bloemrykheid van die taal, die mooi uitdrukkings en juis die verbinding met Nederlands. Die besoek aan die Afrikaanse Taal-monument en museum het my oortuig van die historiese verbinding tussen ons tale.

Met die besoek aan die Voortrekkermonument, Vrouemonument en Anglo-Boereoorlogmuseum het ek 'n bietjie van jul geskiedenis beleef. Hierdie beelde het vir my ook dieper betekenis gekry deur die boek te lees van P.G. Du Plessis, *Fees van die Ongenooïdes*. Van dié tyd, die Anglo-Boereoorlog, het ons in Nederland nog in elk stad 'n Paul Krugerplein en 'n Transvaalstraat. Dus meer verbinding tussen Nederland en Suid-Afrika as wat mens dink.

Ek het die oorweldigende natuur gesien: Krugerpark, Gods Window (in die mis), Bourke's Luck Potholes (maalgate): indrukwekkend - hoe kragtig water rotse kan vorm.

Die kus by Hermanus met pragtig sig op die oseaan en walvisse, Botaniese tuin met pragtig blomme. Kaapstad met Tafelberg (in die mis) en Stellenbosch, so 'n mooi wit stadjie.

Maar kuier by die Facebookvriende het my laat beseef hoe gasvry die Suid-Afrikaners is. En ons het heerlik saam geëet.

Kaapstad het my beïndruk. Voor ek in Suid-Afrika was het ek 'n beeld van die land gehad. Ek het gedink, die "potholes" sal 'n baie groot probleem wees. Maar die motorpaaie is net so mooi as in Nederland, dalk beter. Net die baie motors: hul het nog geen oplossing vir die verkeersopeenhopings gevind nie.

Nog meer indrukwekkend: die besoek aan Robbeneiland. Die gids het ons vertel hoe baie groot die verskil is van gedurende Mandela se gevangenhouding met die hede. Ons het ook gesien wat die omstandighede in die tronk was en ek kan nou sê hoe onregverdig dit was om hom so lang op te sluit. Ek sal daarmee nie sê dat Suid-Afrika teenswoordig nie sonder probleme is nie. Julle moet net beter oplossings vind vir korrupsie, onveiligheid en baantjies gee aan boeties. Maar ek dink dat dit nog vir meer generasies sal duur.

Op pad het ons ook 'n plaas besoek. Ek het nog nooit so 'n droë land gesien nie. In Europa kla ons al as ons twee weke geen reën gehad het nie. Maar daardie deel van die Karoo was al sedert Maart sonder neerslag en ek was in November daar. Die windpompe staan nie verniet daar nie.

Gedurende die laaste dae het ons Soweto besoek. 'n Gids het ons die mooi plekke gewys. En hy het ook met ons gesels oor die verlede, hede en toekoms. Dit was wonderlik. My idee voor die toer was: ek sien daar baie armoede. Maar ons het ook gesien dat Soweto baie gesellig kan wees.

'n Indrukwekkende museum oor die opstand in Soweto 40 jare gelede. As Europeaan moet ek sê dat die sisteem van apartheid nie kon aanhou nie. Maar ek hoop wel dat julle ook 'n ander regering sal kry. Stem op 7 Mei, dalk kan dit help.

♦♦Onveranderd geplaas in Willem se goeie Afrikaans.



Willem Kuiper en sy reisgenoot, Rita van Rooyen.

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan pos@onsdorp.com



'n Man sonder vrou is 'n vrygesel. 'n Manlose vrou is 'n genie.



EKSDOM SE NUWE HOOFAMPTENAAR?

BLONDE KOPIE

'n Blonde man stap by 'n winkel in en sien 'n winskoop. "Ek wil hierdie TV koop," sê aan die verkoopsman.

"Jammer," sê die verkoopsman, "ons verkoop nie aan blonde mense nie."

Dit maak die man baie kwaad en hy gaan huis toe en kleur sy hare, gaan terug winkel toe en sê aan dieselfde verkoopsman hy wil die TV-stel koop.

"Jammer, ons verkoop nie aan blonde mense nie."

Die man kon nie uitwerk hoe die verkoopsman hom onthou het nie. Hierdie keer wag hy 'n paar dae, sny sy hare, kleur dit donker, trek ander klere aan en sit 'n groot sonbril op.

Weer kry hy dieselfde antwoord:

Hulle verkoop nie aan blonde mense nie.

Gefrustreerd roep die voornemende koper uit:

"Hoe de hel weet jy ek is blond!?"

Sê die winkelklerk: "Want wat hier staan is 'n mikrogolfoond."

DIS NOU AGTERDOG!

Die man stuur 'n SMS aan sy vrou.

"Liefie, ek's omgery nadat ek my kantoor verlaat het. Santie het my hospitaal toe gebring.

"Hulle het 'n hele paar toetse gedoen en X-strale geneem. Die trauma aan my kop is pynlik, maar gelukkig het ek nie ernstige beserings nie....

"Ek het wel drie gekraakte ribbes en 'n oop fraktuur op linker been, dalk gaan hulle my regtervoet amputeer."

En wat antwoord sy vrou terug?

"Wie de hel is Santie?"

RAAD TEEN VLERMUISE

Die drie pastore kla oor die vlermuiseplae wat in hul kerke heers.

"Ek het drie katte gekry, maar hulle het die vlermuise net geïgnoreer," sê die een.

"Ek het my kerk laat uitrook," sê die tweede. "Maar dit het niks gehelp nie, want na drie dae was hulle terug.

"Wel," sê nommer drie, "ek het dieselfde probleem gehad, maar ek het 'n manier uitgewerk: Ek het besluit om al die vlermuise in my kerk te doop."

"En hoe dit gehelp?" vra die ander drie.


"Wel," sê hy, "nadat hulle lede van die gemeente geword het, het ek hulle nog nie weer met 'n oog gesien nie."

ANDY CAPP deur Reg Smythe



Uit die Wakis

Stories vir die vaak



Ghandi en die professor

Toe Ghandi aan die Universiteitskollege van Londen in die regte gedutdeer het, was daar 'n professor Peters wat hom baie vyandig gesind was. En omdat Ghandi nooit sy kop vir hom laat sak het nie, was daar baie argumente tussen hulle.

Op 'n dag was Peters besig met middagete in die eetkamer van die kollege toe Ghandi hom met sy skinkbord vol kos langs hom tuismaak.

In sy arrogansie sê die professor: "Mnr. Ghandi, verstaan jy nie? 'n Vark en 'n voël eet nooit saam nie."

Waarop Ghandi antwoord: "Moenie bekommerd wees nie, professor. Ek sal wegvlieg," en toe gaan sit hy by 'n ander tafel.

Peters was woedend en het besluit om wraak te neem en hom 'n klomp vrae te vra, maar Ghandi het briljante antwoorde op almal gehad.

Toe vra Peters: "Mnr. Ghandi, as jy in die straat afstap en 'n pakkie vind en binne-in is daar 'n sak vol wysheid en 'n sak vol geld. Watter een sal jy vat?"

Sonder weifeling antwoord Ghandi: "Natuurlik die een met die geld!"

Glimlaggend sê die professor: "As ek in jou plek was, sou ek die wysheid gevat het, dan nie?"

Ghandi se antwoord: "Elkeen vat mos maar wat hy nie het nie."

♦ Het julle geweet dat Ghandi in die Anglo-Boereoorlog 'n draagbaar-draer aan Engelse kant was?

Mickey Rooney se raad

Die akteur Mickey Rooney, wat onlangs oorlede is, het agt keer getrou – onder meer met Ava Gardner.

Sy raad vir die huwelik was:

"Trou vroeg in die oggend. As dit nie uitwerk nie, kan jy altyd weer in die middag skei sonder om 'n hele dag te mors."



Ouer mense is net briljant!

Wetenskaplikes glo ouer mense gaan nie verstandelik agteruit met ouderdom nie, dit vat hulle net langer om die feite te herroep omdat hulle soveel meer inligting in hul breine het.

'n Rekenaar se hardeskyf wat vol raak, sukkel om die inligting op te roep. Daar word beweer dat dieselfde met mense gebeur.

Navorsers sê hierdie stadiger word is nie dieselfde as kognitiewe agteruitgang nie.

"Die menslike brein werk stadiger met ouderdom," het dr. Michael Ramscar gesê. "Maar dis net omdat ons met die verloop van tyd soveel informasie vergaar het.

"Ouer mense se breine is nie swakker of stadiger nie. Inteendeel, hulle weet eenvoudig net soveel meer."

DAAR HET JULLE DIT! Ons is briljant!

♦ *Berig deur Sarah Knapton, wetenskapkorrespondent*

Obama is Amerika se vyfde beste president



Dis nuusdiens CNN beskou Barack Obama as Amerika se vyfde beste van sy 44 presidente tot dusver.

Die afdeling openbare betrekkinge het hierdie kennisgewing bekend gemaak: "Na net vyf jaar in die amp van president, het Amerikaners Barack Obama aangewys as ons 5de beste president.

1. Ronald Reagan en Abraham Lincoln is in die eerste plek.
2. Altesame 23 presidente was saam in die tweede plek.
3. Sewentien presidente het die derde plek gedeel.
4. Jimmy Carter het die vierde plek op die lys gekry.
5. Die huidige president, Barack Obama, is in die vyfde plek.

♦ Vraag is nou: Watter plek sal Jacob Zuma in Suid-Afrika behaal?



Die winter is weer net om die draai - tyd om te kyk hoe jy 'n griepaanval kan voorkom

EET REG

Maak seker dat jy jou daaglikse dosis vrugte en groente eet. Drink jou vitamie en verhoog jou inname van vitamien C.

OEFEN

Kry baie oefening en bou jou immuunstelsel. Stap elke dag minstens 'n uur lank.

Swem.

Gebruik die trappe pleks van die hysbak.

Was jou hande gereeld.

Kry baie vars lug.

Maak vensters en deure oop wanneer moontlik.

Vermy stres.

Rus wanneer jy kan. Kry genoeg slaap.



OF VOLG DIE DOKTER SE RAAD

Wat is die eerste ding wat hulle met 'n griepinspuiting doen? Hulle maak jou arm met alkohol skoon!

HOEKOM?

Want alkohol maak kieme dood.

Maak dan soos ek maak:

OEFENING: Ek stap kroeg toe.

VRUGTE: Ek sit lemmetjies in my vodka.

GROENTE: Ek sit seldery in my Bloody Mary.

VARS LUG: Ek skink en drink my drank in die vars lug op die patio.

STRES: Ek vermy stres deur grappe te vertel.

RUS: Dan dop ek om.

Dis hoe ek dit sien: As jy jou alkoholvlakke kan handhaaf, kan die kieme jou nie bykom nie.

ONTHOU: Die Engelse gesegde lui:

A shot in the glass

is better than one in the ass!

Al die moeite vir niks . . .

Ek het die gevoel gekry dat my lyf sy vorm heeltemal verloor het. Toe kry ek my dokter se toestemming om by 'n fiksheidklub aan te sluit en te begin oefen.

My keuse het op die aerobiese klasse vir seniors geval.

Ek het gebuig en gedraai, op en af gespring en omtrent 'n uur lank gesweet. Teen die tyd dat ek my leotard aangehad het, was die klas ongelukkig al verby.

Stamboom

Help ons familiespeurders

BROWNE/BRAUNE/BRAWN rene.strauss@hotmail.com

Ek is op soek na enige vorm van inligting rakend Max Browne (Braune/Brawn). Hy is in 1906 met Wilhelmina Susannah Sophia van Niekerk getroud. George St Leger Lennox (Scotty Smith) was sy swaer. Hul het 4 kinders gehad waarvan my ouma Sophia (Mokkie) die jongste was en sy is in 1919 gebore. Hy het egter in 1921 spoorloos verdwyn. Sy huweliksertifikaat sê hy was van Ukamas, Suid-Wes. Die familie weet niks verder nie, en weet nie eers verseker hoe die van gespel word nie. Op die huweliks sertifikaat is die spelling egter Browne. Ek weet net hul was woonagtig in die Nous area van die Gordonia distrik. Enige iemand wat dalk kan help met inligting, sal ek voor innig dankbaar wees.

COMPAAN auke@sealtec.co.za

My Oupa het in +-1880 na Suid-Afrika gekom van Friesland. Hy was omtrent 18 jaar oud. Sy pa was ook Auke Compaan en was 'n sendeling. My pa is Auke Compaan gebore 1934 oorlede +-2005. Ek is ook Auke Compaan gebore 1956 en bly huidig in Vereeniging, Gauteng. My Oupa het in Bethal, Mapumalanga gebly.

ESTERHUIZEN countryjukebox@gmail.com

Ek woon in Harare. My Vader was Josias ook in Zimbabwe gebore in 1913. Oupa was Christiaan Gerhardus oorspronklik van Germiston maar later na Rhodesie getrek om te boer. Oupa grootjie was van Hopetown. Hy was Josias. Ek is ook dringend op soek na die Esterhuizen-familiewapen asb. Kan iemand dit vir my pere-pos stuur asb.

KRUGER qwc@qwc.co.za

Gebore 20 Okt 1949 te Carnarvon. Vader is Marthinus Godfried Kruger en Moeder is Johanna Christina Kruger(Geldenhuis).

LOMBARD dolfpr@vodamail.co.za

Ek soek Adolf Jacobus Lombard, gebore 7.01.1872, oorlede 27.04.1941 in Carolina-distrik. Ek kry nie sy geboorteplek nie.

MAREE ant@fbr.co.za

Maree is my nooiensvan. Antoinette Maree. My pa was Hendrik Jakobus Maree gebore 1926. Hy is een van vier broers van wie oudste broer Wessel Johannes Maree, enigste oorlewende is, in Bloemfontein. Ander broers was Edward Maree (Eppie) en Charles Maree, grootgeword in Overberg distrik (Karwyderskraal). My oupa was Anthonie Johannes Maree (oorlede Botrivier). Sy pa was Wessel Johannes Maree (Hermanus/Karwyderskraal) en so ook sy pa. Ons stam af van Wessel Johannes Maree wat van Frankryk afgekom het en in Durbanville/Malmesbury area gevestig het.

STRAUSS rene.strauss@hotmail.com

Ek is tans besig om my Strauss-familie na te vors. Dit is die Strausse van Bladgrond. Ek het so ver gekom soos Frederick Johannes Strauss (1842 - 1933) getroud met Johanna Magdalena Christina (1845-1922). Enige verdere inligting sal waardeer word.

Oor die ouderdom

- ◆ Dis tyd om bang te word as jy dieselfde geluide as jou koffiemasjien begin maak.
- ◆ Deesdae sê die helfte van die goed in my supermark-trollie: "Vir vinnige verligting."
- ◆ Net voor die begrafnisdiens vra die ondememer aan die baie bejaarde weduwee:
"Hoe oud was jou man?"
"Agt en negentig," sê sy. "Twee jaar ouer as ek."
"Dus is jy 96 jaar oud?" vra hy.
"Ja," sê sy. "Skaars nog die moeite werd om huis toe te gaan, nè?"
- ◆ Die koerantverslaggewer het 'n onderhoud gedoen met die oudste inwoner van die stad. Sy was 104.
"En wat is die beste ding om so oud te word?" vra hy.
"Wel," sê sy, " daar is nie meer iets soos groepdruk nie, weet jy?"

AGTEROS

Net voor uitspantyd



'n Leser, **ERIKA STRYDOM**, skryf dat sy met huisskoonmaak op hierdie storie afgekom het. Die 75c in ag geneem, moes dit baie jare gelede gebeur het.

Munisipaliteite, het my oom Gaarjal gesê, is een van die slég dinge wat die Kommuniste uitgevind het. En g'n geredekawel kom hom van sy wysie afkry nie. Oom Gaarjal is dood met 'n testament wat - ongelukkig wederregtelik - bepaal het dat sy erfename verbied word om ooit 'n sent belasting aan die munisipaliteit te betaal.

Ons het toe nog ons skouers opgehaal oor die oubaas en gereken hy maak 'n berg van 'n molshopie. Maar nou is die munisipaliteit besig om 'n berg uit 'n grashopie voor my deur te maak en nou begin ek wonder of oom Gaarjal in sy wysheid nie iets beetgehad het nie.

Die saak het klein begin. Toe ek die dag huis koop, toe reken ek dat 'n mooi tyd van samewerking nou tussen my en my plaaslike owerheid voorlê. Die eerste effense ongelukkigheid het gekom toe my plaaslike owerheid drie maande na my intrek nog g'n aanstalte gemaak het om die gras op die sypaadjie voor my deur te kom sny nie.

Ek het 'n hoflike brief aan die parke-afdeling gerig. Sonder gevolg. Ek het 'n tweede brief geskryf, en 'n Engelse antwoord gekry dat ek my tot die gesondheidsafdeling moet wend. Ek het my tot die gesondheidsafdeling gewend, eers in Afrikaans en toe in Engels. Waarop ek van die mediese inspekteur berig ontvang het dat dit buite sy jurisdiksie val.

Teen dié tyd was die gras al 'n effense wildemis, en ek het my met opregte kommer tot die Stadsclerk gewend. Binne 'n maand het ek antwoord gekry dat die saak aandag geniet. In Engels. Nadat die saak vyf weke lank intensiewe aandag geniet het, het ek bekeëfd dog dringend versoek of daar dalk ook iets daaromtrent *gedoen* kan word, aangesien die gras besig was om 'n bedreiging vir besoekers te word.

Ek het antwoord gekry dat die saak aandag geniet. Twee weke later het die munisipale vragmotors douvoordag met gekletter en geklater 'n blok van ons stilgehou en drie dae lank is daar soos besetenes gewerk om elke stukkie gras in die ganse buurt min of meer met wortel en tak uit te roei. Behalwe voor my deur.

Ek het die stadsraad versoek, in Afrikaans, om asseblief Iets Omtrent Die Saak Te Doen.

Die stadsraad het, drie weke later en in Engels, berig dat die Saak, Soos Hulle In Hul Vorige Skrywe Al Berig Het, *Aandag Geniet*.

Dit was min of meer tot waar vlees en bloed dit kon verduur. Dieselfde dag nog het ek en my tuinier met grassnyers, grawe, tuinvurke, snoeiskêre en so meer die sypaadjie eiehandig getakel, dit netjies skoongemaak, en die gras op 'n hopie gehark. Die aand het ek, in Afrikaans, die stadsraad verwittig dat ek hul werk vir hulle gedoen het en dat hulle net asseblief hul hopie gras moet kom verwyder aangesien ek dit nie van node had nie.

Die munisipaliteit het my 'n week later, in Engels, in kennis gestel dat hulle tuinvullis alleenlik verwyder teen 'n vooruitbetaalde fooi van 75c. Ek het die munisipaliteit, in Afrikaans, daarop gewys dat ek g'n las van my eie tuinvullis het nie en dat dit hul *eie* grashopie was wat verwyder moet word.

Toe g'n dooie woord nie. Die son en die reën het gekom en gegaan en daardie hopie het tekens van verweer begin toon. Tot sowat 'n maand later. Toe daag daar 'n geregistreerde kennisgewing van die munisipaliteit op, tweetalig nogal, om my baie streng daarop te wys dat dit 'n oortreding van regulasie soveel-en-soveel en subklusule soveel is om tuinvullis op die sypaadjies te deponer en dat tensy ek binne veertien (14) dae na datum van hierdie skrywe my sypaadjie

skoonmaak, "geregterlike stape" teen my ingestel sal word.

Ek het 'n langerige briefaan die munisipaliteit geskryf om hul Afrikaans te korrigeer en hulle aandag opnuut te vestig op die feit dat dit hul eie vullis is wat op my sypaadjie lê, en sal hulle dit asseblief kom verwyder as hulle nie wil hê ek moet die een of ander soort stap teen hulle begin instel nie. My geduld is darem nou ook nie langer as my hare nie.

'n Week later daag hier 'n meneer van die munisipaliteit op my drumpel op, met my brief wuiwend in sy hand. "Meneer," sê hy gegrief, "ek wil darem net hê Meneer moet weet dis nie ek wat verantwoordelik is vir die sleg Afrikaans in daardie brief nie."

"Meneer," sê ek, "ek het nooit gesê jy's verantwoordelik nie, ek het net gesê jul brief is in 'n geradbraakte taal opgestel. *En bowenal wil ek hê julle moet nou julle vullishoop kom verwyder.*"

"Ja, Meneer," sê hy. "Solank Meneer net weet dis nie my skuld nie." Laaste hoor of sien van my plaaslike owerheid.

Drie weke later neem ek maar self weer die pen op, in Engels, en vra so beheers as moontlik of dit die geagte here sou behaag om voor die volgende belastingjaar hul gras te kom verwyder.

Twee dae later, so wragtie, is hul span werkers daar en hulle sny die sypaadjie voor die huis pragtig skoon. En ry al die vars gras weg. Net die verinneweerde, vuil hopen van toentertyd bly maar lê.

Weer die pen opnemende, in Afrikaans, vra ek die owerheid toe: As dit te veel moeite is om die hopen op 'n lorrie weg te ry, sal hulle nie oorweeg om maar 'n koei hierlangs verby te stuur om die hopen gras te kom afvreet nie?

Twee weke later 'n Engelse antwoord om my te wys op regulasie sus-en-so wat my verbied om binne die munisipale grense 'n koei aan te hou.

Geagte heer, skryf ek terug, ek wil nie 'n koei hê nie. Stuur een van julle s'n om jul eie gras te kom afvreet.

Drie dae later daag die gesondheidsinspekteur hier op om my melkinstallasie te kom ondersoek en seker te maak of dit aan munisipale regulasies voldoen.

Ek het sy neus in die grashopen probeer druk, net figuurlik gesproke darem: "Daar is my melkinstallasie," seg ek. "En loop sê vir die Stadsraad my sepperyter werk ook nie."

Ter wille van duidelikheid skryf ek maar wêér 'n brief, in my moedertaal, om so gelate as moontlik te sê: Menere, goed, as julle die liederlike hopen dan nie wil wegry nie, dan sal ek hom om vredesonthalwe maar op my eie komposhoop gaan gooi.

Per kerende pos 'n antwoord: Hulle wil dit graag onder my aandag bring dat daardie gras munisipale eiendom is en dat ek my blootstel aan vervolging weens diefstal as ek dit sonder toestemming neem.

Hou julle hoop, skryf ek terug. Kom haal hom net. En maak gou, want nou word ek kwaad.

Skaars 'n week later, hier word ons hopen weggeroep. Ek kan my eie oë nie glo nie. Net, die volgende môre kry ek 'n rekening vir 75c, synde die verskulde koste vir die verwydering van my tuinvullis, kragtens subartikel watsenaam van hoentoe se wet.

Ek stuur die rekening onbetaal terug, met 'n paar gepaste wenke oor wat hulle daarmee kan doen. Doodse swye. Tot vanmôre. Toe kom hier 'n bode van die hof aan met 'n dagvaarding om te sê dat ek oor vier weke hof toe moet gaan oor ek 'n koei aanhou, en oor ek die dier bowendien sonder toesig op die sypaadjie voor my huis laat wei.

KAMMANUUS verskyn weer op 5 MEI